

AANKONDIGINGS:

KLOK&STILTE:

TOETREDE:

Ons is almal hier tesaam vergader in sy Naam, verheerlik Hom ~ Gesang 164: 1-2.

VOTUM:

Immers, waar twee of drie in my Naam is, daar is Ek ook by hulle (Matteus 18: 20, 2022).

SEËN:

Hy wat al hierdie dinge bevestig, sê: Ja, Ek kom binnekort. Amen. Kom, Here Jesus. Die genade van die Here Jesus is met almal (Openbaring: 22: 20-21, 2022).

SANG:

Ek wil die Here loof ... loof met my hele hart ... Hy gee hul wat roep, weer nuwe krag ~ Gesang 212: 1 - 3

WET & BELYDENIS: 1 Korintiërs 15: 1-5, 2007

Soms kry ek die indruk dat gelowiges vergeet waarom geloof in Christus Jesus gaan. Iemand het geskryf dat die boodskap van die evangelie baie eenvoudig en tog ook ingewikkeld is. Hy skryf dat die evangelie in ses woorde uitgedruk kan word: *Jesus het gesterf en weer opgestaan* (Dit is ook waarom die doop gaan, nie al die moets en moenies wat ons graag rondom die doop vasmaak nie). *Jesus het gesterf en weer opgestaan!*

Hierdie kort verduideliking vat die hart van die evangelie vas. Dit is die dood en opstanding van Jesus wat ons geloof van enige ander geloof onderskei.

¹Vriende, ek wil hê julle moet die goeie boodskap baie goed verstaan, die goeie boodskap wat ek vir julle gebring het. Julle het die boodskap geglo, julle is seker dat die boodskap waar is, ²en dit red julle. Maar dan moet julle aanhou om die goeie boodskap te glo soos ek dit vir julle gebring het. As julle iets anders glo, dan beteken dit niks dat julle glo nie. ³Die belangrikste dinge wat ek vir

julle geleer het, het die ander apostels vir my geleer, en dit is: Christus het ons sondes weggeneem toe Hy gesterf het. Dit het gebeur soos daar in die Ou Testament geskryf is. ⁴Christus is begrawe, en God het Hom op die derde dag weer laat lewe. Dit het gebeur soos daar in die Ou Testament geskryf is. ⁵Christus het verskyn aan Sefas, en daarna het Hy ook verskyn aan die twaalf apostels (1 Korintiërs 15: 1-5, 2007).

GEBED:

PREEK:

Vandag is die derde Sondag van Junie en in Suid-Afrika, soos in baie lande regoor die wêreld, word dié dag opsygesit vir pa's.

Dit is 'n dag ter ere van pa's en vestig weer die aandag op die groot rol wat 'n vaderfiguur in elke kind se lewe speel.

Maar, waar kom die viering van hierdie dag vandaan en wie was die eerste pa wat amptelik op 'n dag, anders as sy verjaarsdag deur 'n kind erkenning gegee is omdat hy 'n pa is?

Volgens historici het die tradisie om vaderskap te vereer, reeds duisende jare gelede ontstaan. In Babilon het 'n seun, Elmesu, glo die heel eerste 'vadersdagkaart' gemaak, deur 'n boodskap aan sy pa op 'n kleitablet te graveer. In die boodskap het Elmesu sy vader 'n lang en gesonde lewe toegewens.

Sover vasgestel kan word is die eerste moderne viering van 'n Vadersdag op 5 Julie 1908, in Fairmont, West Virginia, in die Williams Memorial Metodiste Kerk, gehou.

Grace Golden Clayton het gerou oor die verlies van haar pa toe die Monongah Mynramp gedurende Desember 1907 die lewens van 361 mans geëis het.

Die afsterwe van 250 vaders het byna 'n duisend kinders vaderloos gelaat. Clayton het voorgestel dat haar pastoor, Robert Thomas Webb, al die vaders eer op die Sondag naaste aan die verjaarsdag van haar pa, Fletcher Golden.

Vadersdag is egter nie ook net 'n dag vir bederf nie. Dit is ook 'n dag waarop die fokus op die rol van die vaderfiguur val. Dit is ook 'n dag waarop pa's van voor af eienaarskap oor hulle vaderskap moet neem en hulle belangrike taak as rolmodel moet herbesin.

Met dit in gedagte lees ons nou gedeeltes uit Eksodus 18.
Ons leer by twee Vaders: Jetro & Moses

¹Jetro, priester van Midian, en die skoonvader van Moses, het alles gehoor wat God vir Moses en vir sy volk Israel gedoen het – hoe die Here Israel uit Egipte uitgelei het. ²Jetro, die skoonvader van Moses, het toe vir Sippora, die vrou van Moses, vir wie Moses vroeër huis toe gestuur het, saamgeneem, ³ook haar twee seuns.

Die naam van die een was Gersom, “want,” het Moses gesê, “ek was 'n •vreemdeling in 'n vreemde land”; ⁴en die naam van die ander een was Eliëser, “want,” het hy gesê, “die God van my vader is my hulp. Hy het my van die swaard van die farao gered.”

⁵Jetro, die skoonvader van Moses, het met die seuns en Moses se vrou in die woestyn na Moses gegaan waar hy by die berg van God kamp opgeslaan het. ⁶Hy het vir Moses laat weet: “Ek, jou skoonpa, Jetro, kom na jou met jou vrou en haar twee seuns saam met haar.”

¹²Jetro, Moses se skoonvader, het toe 'n •brandoffer en slagoffers geneem om voor God te bring. Aäron en al die oudstes van Israel het gekom om in die teenwoordigheid van God 'n maaltyd te eet saam met Moses se skoonvader.

¹⁴Toe Moses se skoonvader sien wat hy alles vir die mense doen, het hy gevra: “Wat is dit wat jy vir die mense

doen? Waarom sit jy alleen, terwyl al die mense van die oggend tot die aand toe om jou bly staan?”

¹⁷Moses se skoonvader sê toe vir hom: “Dit is nie goed dat jy die saak so hanteer nie. ¹⁸Jy gaan jousef heeltemal uitput – jy sowel as hierdie mense wat by jou is. Want dit is te veeleisend vir jou; jy kan dit nie alleen doen nie. ¹⁹Luister nou na my! Ek sal vir jou raad gee, en mag God met jou wees! Tree jy vir die volk in by God, en bring jy die sake voor God. ²⁰Waarsku hulle oor die vaste voorskrifte en wette, en lig hulle in oor die pad wat hulle moet volg en die werk wat hulle moet doen.

²³As jy dít doen, en as God jou so beveel, sal jy staande kan bly, en al hierdie mense sal ook tevrede na hulle blyplekke kan gaan.” ²⁴Moses het na sy skoonvader geluister en alles gedoen wat hy gesê het.

²⁷Moses het sy skoonvader weggesien, en hy het na sy eie land gegaan.

In Matteus 4: 4, 1983 lees ons: *‘n Mens leef nie net van brood nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom.*

In ons gelese gedeeltes kry ons twee pa’s (vaders); Jetro en Moses. Hulle word eintlik teenoor mekaar gestel, twee style van vaderskap. Ons kan immers by al twee baie van vaderskap (ouerskap met die doop in gedagte) leer.

Aan die eenkant is daar Jetro, wat ook Reüel genoem word. Hy is ‘n priester van Midian, waar hulle ook Yahweh aanbid het. Nadat Moses die Egiptenaar doodgeslaan het, het hy na die woestyn gevlug. Daar het Jetro hom oor Moses ontferm en later sy dogter Sippóra vir Moses as vrou gegee. Hulle het twee seuns saam gehad: Gersom en Eliëser.

Aan die ander kant is daar Moses (ook ‘n pa), wat deur God uitverkies is om die volk Israel uit slawerny te lei en toe daarna vir 40 jaar in die woestyn die volk Israel se geestelike leier was. Hy is ‘n hardwerkende leier en so

besig was hy met sy werk dat hy sy vrou en kinders na haar pa teruggestuur het.

Op 'n dag besluit Jetro dit is genoeg, hy gaan Moses se vrou en kinders terug vat na waar hulle hoort ~ Sippóra by haar man Moses en Gersom en Eliëser by hulle pa Moses.

As Jetro by die volk, daar in die woestyn aankom, bring hy heel eerste twee offers. Dit wys vir almal dat Jetro 'n man van God is. Wat 'n voorbeeld is hy nie vir Moses, Sippóra, Gersom, Eliëser en die volk Israel nie. Ook ons leer vandag iets by hierdie man. Dit is Vadersdag en ons wonder elkeen of ons offers aan God se saak vir ons familie wys dat ons 'n man van God is?

Jetro wys vir ons hoe belangrik familie is. Hy bring Moses se gesin weer bymekaar. 'n Mens is nie gemaak om alleen te wees nie, ons basiese saamwees is altyd eers die huisgesin (familie). Vanuit hierdie familie het jy ander verhoudings met ander mense op jou pad. In hierdie

familie leer groot en klein wat omgee is, liefde is, vergifnis is en wat menswees beteken. In hierdie familie leer jy die basiese van gelowig wees of nie.

Moses is hardwerkend. Hy is besig. Hy het nie tyd vir sy huisgesin nie. Hy gaan wys dadelik vir sy skoonpa wat hy alles vir die volk van God doen. Moses kon seker verwag dat Jetro sou sê dat hy trots is op hom, Moses is immers 'n hardwerkende man wat dag en nag gewerk het. Boonop werk hy vir die volk van God en moontlik het hy ook gedink dat hy hard werk vir God.

In die 1983 vertaling van die Bybel lees ons Jetro se reaksie op alles wat Moses vir hom wys: "Moses, jy maak nie reg nie!" Jetro bedoel dat Moses die baie werk tussen ander mense moet verdeel, sodat hy ook tyd sal hê vir sy vrou en kinders. Nog iets wat ons by Jetro kan leer: maak tyd vir jou geliefdes!

Ek het al dikwels gehoor dat mense 'n leuen versprei: jy kan jouself nie doodwerk nie. Wel, dit is eenvoudig nie

waar nie. Ons het meer as genoeg bewyse dat 'n mens jouself kan doodwerk. Dit net terloops!

By Moses kan ons verseker ook baie leer van Vaderskap. Ek het vanmore geleer dat hy bereid was om sy trots in sy sak te steek en na sy skoonpa te luister. Hoe weet ons dit? Die laaste vers wat ons saamgelees het sê: Jetro het teruggegaan. Net Jetro. Nie Sippóra, Gersom of Eliëser nie. Ons weet dat Moses die werk verdeel het en dus nou meer tyd gemaak het vir sy huisgesin wat by hom agtergebly het.

Ons leer by Moses dat 'n pa ook soms verkeerd kan wees. Dat 'n pa bereid moet wees om na goeie raad te luister. Dat 'n pa moet kan weet en sê ek was verkeerd. Dat 'n pa soms anders moet leer doen. Dat 'n pa tyd saam met sy huisgesin moet spandeer.

Amen.

SANG:

U is die lig wat deur die donker skyn ~ VONKK 277: 1-3

DOOP:

Martin Luther, een van die belangrikste Kerkhervormers, het die gewoonte gehad om wanneer hy deur 'n moeilike tyd gegaan het, homself te herinner: Ek is gedoop! Hoekom? Hoekom sou sy doop vir hom soveel beteken? Dit is omdat sy doop herinner het dat God hom op sy naam geroep het.

Die doop is 'n heilige sakrament van God. Heilig – omdat dit afgesonder is vir God. Dit gaan oor God en God se verbond met ons en ons kinders. Dit is God se sakrament, daarom moet alles rondom die sakrament God in die middelpunt plaas.

Sakrament – want dit is 'n stuk sigbare Woordverkondiging van God. Hy praat! Hy praat met ons deur die simboliese handeling van die doop. Hy sê vir

Luca (vir elke dopeling) ek roep jou op jou naam – jy is myne!

God het ons lief en ons is sy kinders lank voordat ons van God bewus raak. Elke baba se bewuswording van God kom deur die opvoeding van hulle ouers. Die ouers se woorde en daade leer die kind van God. Navorsing het bewys dat die meeste tieners se beskrywing van God parallel is met hulle ervaring van hulle ouers. As my ouers liefdevol en vergewensgesind is, is dit hoe 'n kind God leer verstaan. As my ouers onredelik en onregverdig is, dink kinders God die Vader is onredelik en onregverdig.

Die doop gee sigbaar uitdrukking aan God se verbond met ons. Wat is 'n verbond? Dit is 'n ooreenkoms tussen twee partye waar die een party alles gee en die ander party alles ontvang. God gee liefde, verlossing en redding – die dopeling ontvang die teken dat God dit ook vir hulle gee. Nog anders gestel: die dopeling ontvang die teken dat God hulle reeds deel van Sy verbond gemaak het.

Kinders verstaan dit miskien nie, maar gelowige ouers neem by die doop van hulle kindertjies die verantwoordelikheid om dit vir hulle te leer soos wat hulle groter word en meer en meer begin verstaan. Dit is so belangrik dat ouers gereeld met hulle kinders (van kleins af) sal praat oor hulle doop. As ouers dit nie gaan doen nie sal kinders geen begrip van hulle doop se kosbare inhoud en betekenis ontwikkel nie.

Die doop getuig dat ons deel het aan die liggaam van Jesus Christus, daarom doop die kerk kinders van God. Die doop van klein Luca du Plessis herinner ons vandag opnuut aan ons eie doop. Dit is hoekom ons eerder in die gemeente doop. Dit help almal wat hier teenwoordig is om weer na te dink oor hulle eie doop en die doop van hulle kinders.

Ons glo dat die Kerk die opdrag uit die evangelie het om mense in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees te doop. Die doop in die Naam van die Vader getuig van ons nuwe verhouding met God. Die

doop in die Naam van die Seun bevestig aan ons die verlossing deur Christus. Die doop in die Naam van die Heilige Gees is die waarborg dat die Gees van God in ons wil bly en voortdurend ons lewe nuut maak.

Die doopouers (Henno en Edmari du Plessis) word nou versoek om na vore te kom en hier in die teenwoordigheid van God en die gemeente, eerlik op die volgende vrae te antwoord:

1. Glo julle dat ons en ons kinders ondanks ons sonde deur God in genade aangeneem is?

2. Glo julle dat die evangelie alles bekend maak wat nodig is vir ons verlossing, soos belig in ons belydenis?

3. Belowe julle om julle kind te leer wat die doop beteken en te laat grootword in die geloofsgemeenskap van Christus?

Wat is hierop u hoorbare antwoord?

Luca du Plessis, ek doop jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Amen.

Ek vra dat alle Vaders hier by ons kom staan. Ons gaan die seënbede eers vir klein Luca toesing: Laat Heer u seën op hom daal. Dan vra ons die seën op Edmari en alle moeders: Laat Heer u seën op haar daal. Dan vra ons die seën op Henno en alle vaders: Laat Heer u seën op hom daal en dan vra ons die Here om sy seën op ons almal te laat kom: Laat Heer u seën op ons daal.

Wanneer ons klaar is kan elke vader 'n kolwyntjie vir homself neem.